

SAAMPRAATPAPIER 24 FEBRUARIE 2013

1) Geld die volgende net vir Simon, of ook vir ander kinders van God?

By die wonderlike visvangs waarvan in Lukas 5 vertel word, het Jesus aan Simon, 'n gewone visserman, gesê: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang" (vers 5). Om mense vir die koninkryk van God te wen, beteken om 'n **visser van mense** te wees.

2) Wat weerhou ons daarvan om vissers van mense te wees? Wat veroorsaak dat ons stilbly terwyl 54 miljoen mense per jaar doodgaan, waarvan die meeste nie die Here ken nie en dus vir ewig hel toe gaan?

Dit is so belangrik dat mense moet glo in Jesus; geen goud of silwer is soveel werd of kan dit koop nie. In Markus 8:36 en 37 staan daar: "Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?" Daar staan ook dat 'n mens jou nie moet skaam vir die Here en sy woorde te midde van ontroue en sondige mense nie; nee, jy moet hulle van die Here vertel. **LEES EN BESPREEK die erns hiervan aan die hand van ESEGIËL 3:18-21.**

3) Maar is die verkondiging van die evangelie nie eintlik die werk van dominees (plaaslik) en sendelinge (op ver plekke) nie?

Dat elke gelowige/christen geroep is om ander na Jesus te lei, spreek ook uit die gebed van Jesus in Johannes 17, wanneer Hy in vers 20 bid: "Ek bid egter nie net vir hulle (gelowiges) nie, maar ook vir die wat *deur hulle* woorde tot geloof in My sal kom".

Die verkondiging van die evangelie van vrede is nie net aan die dominees, dienswerkers, ouderlinge en diakens toevertrou nie. **Elke gelowige is geroep om die evangelie te verkondig.** In 1 Petrus 2:9 word daar aan die hele gemeente gesê: "Julle is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die *volk wat die verlossingsdade moet verkondig* van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig".

Niemand van die gemeente word uitgesluit nie; almal is geroep om te verkondig. Ons kry 'n pragtige voorbeeld hiervan in die boek Handeling. In hoofstuk 8 se 1ste vers lees ons dat daar met hewige vervolging teen die gemeente in Jerusalem begin is, en dat almal, behalwe die apostels, verstrooi is. En dan in vers 4: "hierdie gelowiges (nie die apostels/die dominees nie) wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig". **Die Here gebruik elke gelowige om sy blye evangelie uit te dra. Hy wil ook JOU as christengelowige gebruik!**

4) Watter vreugde is daar nie/ watter verskil maak dit nie as jy maar net bereid is om te vertel: kyk net wat staan in Jakobus 5:20 en Lukas 15:10 : "...weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigde sondes vergewe word", en " ... daar is blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer".

5) Broer, Suster, Omgeegroep: vertel, verkondig, leef u christenskap uit, ondersteun uitreikgeleenthede, want die eer van die Here is op die spel, die Here beveel ons daartoe, ons is dit aan ons medemens verskuldig, en die liefde van Christus dring ons daartoe! **BESPREEK: Hoe en waar kan julle as individue/omgeegroep (nog meer) die blye evangelie verkondig / die verkondiging van die evangelie ondersteun?**

6) Bid as groep saam vir sendelinge en hul bedieningswerk, asook vir Christene wat in lande woon waar hulle vervolgd word, gemartel word, in tronke gegooi en selfs doodgemaak word net omdat hulle in Jesus glo.